Die Volkstem

PRETORIA, SATERDAG 5 MEI 1928.

# PRETORIA OOS SE NUWE KERK.

## 'N SIERAAD VIR PRETORIA.



Die Nuwe Kerk, Pretoria Oos.

Sondag, 6 Mei, is vir die Gemeente Pretoria Oos 'n heuglike dag. Dis die dag van die inwyding van sy nuwe Kerk. Die gemeente is ongeveer agt jaar gelede afgestig van die Moedergemeente, wat in die afgelope vyftig jaar die lewe geskenk het aan etlike dogtergemeentes en ook 'n paar kleindogters. Die afgelope agt jaar moes die jong gemeente hom bedien van die nou heeltemal ondoelmatig geworde gebou, bekend as die Sunnysidesaal. Dié gebou is veels te klein vir die plus minus 1,200 lidmate, daar dit sitplek bied vir ongeveer vierhonderd, sodat Sondag na Sondag tientalle mense by die kerkdeur moes omdraai omdat daar g'n plek was nie. Tot selfs die verhoog, waarop predikant en kerkraad (wat in die dertig tel) sit, moes gebruik word vir ekstra sitplek aan gemeentelede. Veral was dit dikwels die geval met Nagmaal.

Geen wonder dus dat vroeg na die geboorte van die nuwe gemeente al planne beraam is vir oprigting van 'n nuwe kerkgebou nie. Op 8 Junie, 1925, is op 'n gemeentevergadering besluit dat, aangesien die boufonds ongeveer £4,000 sterk was en daar alle rede bestaan het om aan te neem dat dit binne afsienbare tyd aanmerklik sou groei, die Kerkraad opdrag kry om 'n kerk te bou met van 800 tot 1,000 sitplekke; dit moes nie meer as £15,000 kos nie. Die Kerkraad is toe ook die reg gegee om 'n lening aan te gaan van £10,000.

Na aanleiding van hierdie opdrag het die Kerkraad op sy vergadering van 13 Augustus van dieselfde jaar die volgende boukommissie benoem: Dr. D. J. Keet (voors.), J. P. Jooste (sekr.), A. C. Vlok, J. G. Bester, J. J. Muller, D. E. van Velden, A. S. Pienaar en L. J. Jacobsz.

## BOUPLAN VAN MNR. MOERDYK.

Op 22 Februarie is die ontwerp en bouplan van argitek G. Moerdyk gekies en genoemde argitek aangestel. Dit blyk toe dat die bedrag deur die Gemeente goedgekeur nie voldoende sou wees om 'n gebou na wens op te trek nie en magtiging is gevra om 'n kerk te bou wat meer sou kos. In die loop van die jaar het drie van die boukommissielede bedank, n.l. mnre. A. C. Vlok, A. S. Pienaar en J. G. Bester en in hulle plek is benoem mnre. W. H. Hofmeyr, O. van Oostrum en C. H. Muller. Op 3 Nov. 1926 is die plan van die tans voltooide kerkgebou deur die boukommissie goedgekeur en op 22 Nov. is die versoek van die boukommissie om meer fondse toegestaan in 'n besluit geneem op 'n gemeentevergadering, wat die boukommissie die reg gegee het om die kerk met sementblokke i.p.v. sandsteen te bou en dat die gebou kompleet en gemeubileer nie meer as £19,500 moet kos nie (uitgesonder die orrel). Dadelik is aan die werk gegaan en die gebou is voltooi. Ekstra koste en onvoorsiene uitgawe het die koste gebring op 'n bedrag wat £566 hoër is as dié deur die gemeente vasgestel. Op 'n gemeentevergadering onlangs gehou is tevredenheid uitgespreek oor hierdie geringe ekstra bedrag.

In die toring is voorsiening gemaak vir 'n uurwerk wat egter vereers nie aangebring sal word nie. Die orrel, waarvoor teen die einde van verlede jaar spesifikasies opgestel en wat kort daarna bestel is, word ongelukkig eers einde Mei uit Europa verskeep sodat dit nog etlike maande sal duur voordat dit in die kerkgebou sal wees.

## 'N KLOK MET 'N GESKIEDENIS.

Die klok wat in die sierlike toring hang het 'n interessante geskiedenis. Sy bestaan dateer uit die tyd toe die groot kerkgebou op Kerkplein opgetrek is—die twede kerkgebou, wat 'n paar jaar na die Twede Vryheidsoorlog neergetrek is. Dis dieselfde klok wat dwarsdeur die orrel in daardie kerk geval en in die vloer van die voorportaal tereggekom het. Wie van Pretoria se ou inwoners herinner hul nie die dag nie toe met stoomtrekkers 'n vergeefse poging aangewend is om die toring om te trek? Die woorde van 'n ou oom staan my nog helder voor die gees: "Toe nou, trek maar! Nou kan julle sien hoe goed die Boere gebou het!" Toe die pogings misluk, is die toring teen die grond gebring deur dit te ondermijn, maar die mense het vergeet om die orrel en die klok uit te haal, met die gevolg dat laasgenoemde, wat 15,000 lbs. weeg, na benede stort en die orrel verbrysel. Die klok is by die Sunnysidesaal opgestel dog die kloktorinkie was veels te laag, sodat sy oproep na die Godshuis net van naby gehoor is. Nou het hy tot sy reg gekom en op 'n stil dag trek die geluid ses myl! Volgens deskundige mening sou so'n klok die gemeente vandag ongeveer £300 kos.

## 'N GEBOU OM TROTS OP TE WEES.

Die gemeente kan trots wees op sy nuwe gebou. Dit strek die argitek tot eer en dit moet groot voldoening gee aan die Boumeester, mnr. J. Coenen, wat so'n knap stuk werk voltooi het. Die meeste Pretoriane ken die gebou al van buite, maar die aantal wat dit van binne gesien het is betreklik klein en dis geen oordrywing om te sê dat hulle die beste nog nie gesien het nie. Die binnekant spreek van pragtige eenvoud. Die gespikkelde rooi-bruin parketvloer steek mooi af by die kajaathout-banke en die panele van dieselfde houtsoort, wat die mure tot galeryhoogte bedek, terwyl die wit, domvormige gipsplafond verder afwisseling gee. Daarby kom dan nog die sagte lig wat skyn deur die barnsteenkleurige vensters. Hoewel die geheel byna sirkelvormig is loop uit die dom vier gewels waaronder vier galerye, wat van twee buitedeure bereikbaar is en wat aan die voorkante aaneenloop. Een van die vier galerye is bestem vir die orrel. Die kansel is van kajaathout en spreek ook van skone eenvoud. Die geheel gee 'n indruk van volmaakte eenvormigheid. Ek voorspel dat hierdie kerkgebou al spoedig die naam sal kry van een van die besienswaardige geboue in die Hoofstad—'n naam wat hy tenvolle verdien.

H. C. de K.



Ds. A. J. Louw, van Heidelberg, wat die eerste gewone diens in die Nuwe Kerk sal lei.